

NOMADES

Augustus 2013 nuusbrief.

Hartlik goeiedag aan al die Nomades

Die Stappe wat nog oor is vir die res van 2013 is as volg:

8-11 Augustus 2013.

Ons kon plek kry op die Komatiland-**Prospekteurders-Morgenzon seksie** Rugsak 3 dag sirkel roete plek kry vir die langnaweek. Ons slaap in die Morgenzon, Blackhill en Excelsior hutte onderskeidelik 8,9 en 10 Augustus. Ons is nou 9 persone wat die naweek gaan stap en 'n paar wat sommer die Maandag ook verlof het en dus die Sondag aand ook gaan oorbly in Pelgrimsrust hut, 'n bietjie daar kuier Sondag middag na die stap en Maandag oggend en dan rustig Maandag middag terugkom.

<http://www.komatiecotourism.co.za/OvernightTrails/ProspectorsTrail/tabid/67/Default.aspx>

Irma kon vanaf 23-25 Augustus **Wag 'n Bietjie** staproetes bespreek naby Warmbad vir die wat nie wil rugsakstap by Morgenzon nie. R120+R120+R10=R250 vir lede en R120+R120+R30=R270 vir nie-lede. Ons het reeds 'n 50% deposito vir 10 persone betaal. Hier is jou kans om na die winter nou 'n bietjie weer bene te rek. Kom stap asb saam en laat ons in groot getalle bespreek en dan sommer lekker saamkuier om die kampvure in die aande. Redelik naby ook.

Sien ook <http://www.anvieveventures.co.za/limpopo.html#Wag-'n-Bietjie>

22-27 September 2013.

Tsitsikama naby Nature's Valey. Rugsak roete. 6 Dae. 61Km. Rugsakke word vervoer vir sommige dae. Die 12 plekke op die roete is reeds volbespreek en betaal.

18-29 Oktober 2013.

Ek kon plek bespreek by **Idwala staproetes** vir 12 persone, Die volle bedrag is reeds oorbetalend en die besprekings bevestig.

R260+R10=R270 per lid en R260+R30=R290 per nie-lid vir die naweek. S25 28.738, E29 19.132.

Langs die Loskopdam. 'n Totale netwerk van 24Km roetes. Basiskamp bestaan uit 3 chalets. 24 beddens met matrasse. Yskas het Gas-ykskas en 2x2plaat gasstofie. Storte het Gas-geysers. Sowat 180Km vanaf Pretoria, 39Km vanaf Middelburg. Kom stap en kuier saam. Jy en jou vriende is persoonlik genooi. <http://www.jacanacollection.co.za/details.aspx?prid=15>

22 tot 24 November 2013

Wathaba staproetes is in 'n wildernis area in die Skurweberge tussen Machadodorp en Badplaas.

Ons het plek bespreek in die Kiepersol kamp wat tot 23 persone kan huisves. Die onderskeie kamers slaap 5,5,5 en 8 in die dubbelverdieping. Daar is onderdak braaiarea, 'n groot kombuis en spoeltoilette. Matrasse met oortreksels word voorsien. Prafien lampe word voorsien aangesien daar Geen Elektriesiteit is nie. 10+4Km.

Koste is R145+145+10 = **R300 vir lede** en R145+R145+R30 = **R320 vir nie-lede**. Ek het vir 12 persone bespreek en alreeds betaal. www.wathaba.co.za

Roete Terugvoer

Nomades het die naweek van 15 tot 17 Junie die **Windy Brow** staproetes by Cullinan gaan stap.

Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen, Paul Mulder, Wouter, Renee en Tiffany Crous, Taffany Nice, Jan en Corrie du Preez, Norma Grotius, Marius Stander, Susan en Darin Flemming, Wilna Moolman en Christo Vlok het in die stappers akkomodasie geslaap en Fritz van de Venter en Babet het getent. 17 Siele in totaal.

Daar is amptelik 3 voetslaanroetes, Argeologie (5Km), Geologie (4.5Km) en die Ekologie (6.5km). Al drie begin by 'n sentrale punt naby die swembad/groot lapa. Daar was 2 ander groepe ook waarvan een groep net 'n aand braai/kuier gehad het en die ander 'n middag funksie op 2 aparte plekke redelik ver van ons af. Op van die Roetes kan die ou Premier myn, nou die Petra diamand myn se aanlegte gesien word.

Daar is dan ook bergfiets roete op die plaas. Ons het in die Indaba stappers oornagkamp geslaap, wat oor die 50 persone kan slaap in 4 kamers.

Meeste is enkelbeddens. Die kombuis is klein maar werkbaar met 'n ern wat heeltyd lekker tee/koffie water aan die groep voorsien en die 4 plaat elektriese stoofofplaat werk ook. Die yskas was ook heel funksioneel. Ons het wel soms gesukkel met genoeg warm water in die storte.

Daar is veral op die Ekologie roete baie diere te sien, 'n groot troppie kameelperde, Zebra's en buffels o.a.

Die Geologie roete is redelik klipperig oor die koppies heen, en bied uitsigte oor die omliggende area. Heelwat bome is op die roete ook te sien.

A.g.v. die kort afstande het die groep nie heeltyd saamgestap nie en maar so in



kleiner groepies verdeel en elkeen op sy tyd se eie ding gedoen. Maar in die aande het almal heel lekker om die braaivleisvuur saamgekuier in die semi onderdak kuier/braai area tot die lekker koue so vanaf 20h00 die mense so stuk-stuk na hulle warm slaapsakke laat beweeg het.

'n Lekker naby roete wat ek graag weer sal wil doen as die veld groen is in die somer.

Die naweek van 19,20 en 21 Julie 2013 het net ses dapper stappers die dagstappe by die **Mateke Staproetes** noord-oois van Thabazimbi, net noord van die Marelekele natuur reservaat (Fisies net oorkant die pad) aangedurf. Marius, Mari, Phrina, Anna-Marie, Jannes



en Wilna was daar. Aangesien daar nie ander groepe in die kamp was nie, het die plaasbestuurderes vir ons 3 huisies gegee wat ons benut het.

Ons het oorgebly in die Rivierkamp met sy 4 huisies op stelte gebou. Willebees, Hoender, Perd en Donkie. Elke 'huis' het 'n kamertjie bo seker nie groter as 3x3 meter nie met 2 stapelbeddens in en 'n yskassie. Met goeie ventilasie as die windjie in die aande so deur die hout-sprotjies kom. Daar is elektriese lig en muurproppe. Onder die kamer op die grondvloer is die oop badkamer. Daar is 'n stort, met Warm elektriese geyservat, 'n oop wasbak en 'n spoeltoilet. Alhoewel die stort en toilet net met gebinde gras/riet mure toegemaak is en dus baie goed 'geventileer' is, is die lekker dat elke huisie sy eie geyservat het en soos min ander roetes was daar dus geen probleem met warm water nie. Elke huisie het ook sy eie privaat boma/lapa area met 'n braai-area en 'n wasbak/werkoppervlak wat as kombuis dien. Behalwe die yskas bo in die kamer is daar geen formele kombuis of kombuis toerusting in die 'kamp' nie. Alhoewel hierdie die



Rivier' kamp was, is hierdie die kamp van die 3 met geen uitsig oor die Mamba rivier nie, die aangrensende Mateke Bos kamp (Willekat en Willehond en Wille vark hutte) (met heelwat luukser akomodasie) het 'n uitsig op die rivier, so-ook die Boomkamp direk langs die Mamba rivier 'n entjie weg. Daar kan 8 en 18 persone in 2 kamer op Hoë stelte slaap. Geen krag nie en baie basies.



Ons het die korter, maar ietwat moeiliker Kudu roete die Saterdag gestap. Sowaar 9,5Km. Die roete begin en eindig by die Boomkamp. 'n baie lekker verskeidenheid van platterige vlaktes, koppies, op en afdraendes, kruisings en stukkie stap op die 4x4 roetes wat ons as stappers amper bang gemaak het mooi uitsigte en mooi valeie. 'n Mooi groot vyeboom dien ook as 'n

lekker stopplek vir 'teetyd'.

Sondag oggend het ons die langer sowat 13Km Njala roete geloop wat grotendeels langs die Mamba rivier op loop vanaf ons Rivierkamp tot by die Boomkamp, oor 3 brue waarvan die laaste 'n lekker lang hangbrug by die Boomkamp is. Daar het ons 'n bietjie gerus en asamgehaal en die 4x4 mense wat ons die vorige dag gesien het bewonder dat hulle en hulle voertuig dit terug gemaak het kamp toe. Die 4x4 roete is werklik tot 45 grade op plekke en vol slote en gate. Ons het die skuurmerke op



die klippe ook gesien. Van die Boomkamp af kronkel die staproete dan vir 'n entjie

min of meer saam met die Mamba rivier terug. Ons stop by mooi poele/riete area vir middagete en dan begin 'n redelike opdraande, deur seker vir my die mooiste deel van die plaas, 'n Alwyn en Euforbia woud, Baie van en baie hoog. Tot bo-op 'n koppie en dan met 'n ompad weer terug terug rivier toe en terug kamp toe waar ons lekker warm kon stort.



As gevolg van 'n misverstand met enkele merkers het 3 van die groep toe 'n ietwat korter roete terugkamp toe geneem en sowat 2Km minder geloop. Wilna, Jannes en Mari het die langer werklike roete geneem via die swempoele, en moeiliker klipperige terrein. Marius, Anna-

Marie en Phrina het 'n merker oordie die rivier gesien en wat waarskynlik bedoek was as 'n tipe noodroete geneem. Heeltyd op die roete gewees, net gouer terug kamp toe gedraai. 'n Baie mooi roete en ou, maar intresante en funksionele akomodasie en fasiliteite.

Ietsie ge-eet en ge-drink na die stap en die lang pad weer terug neem na Pretorie toe rondom 13:00 die middag. Sien ook www.mateke.co.za/accommodation.htm



Groete

Marius. MariusStanderPTA@gmail.com

www.nomades.co.za